

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:
Dr. Ernst Endres – 2 Augustus 2020**

1. VOTUM

Ek kyk op na die berge:
waarvandaan sal daar vir my hulp kom?
²*My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.*

³Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie;
Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie.

⁴Waarlik, die Beskermer van Israel
sluimer nie in nie en Hy slaap nie.

⁵*Die Here beskerm jou,
die Here bewaar jou van alle gevare.*

⁶Bedags sal die son jou nie steek nie
en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie.

⁷Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar,
jou lewe sal Hy beskerm.

⁸Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan,
nou en vir altyd.

2. SEËNGROET

Die liefde van God ons Vader
en die genade van onse Here Jesus Christus
en die gemeenskap van ons Trooster en Bemoediger
is met elkeen van julle.



3. LOFLIED: LOFPYRYSINGSKEURSPEL

Hosanna, Hosanna, Hosanna in die hoogste
Hosanna, Hosanna, Hosanna in die hoogste
Ons verheerlik U Naam, soos ons nou voor u staan
U's verhewe, o Here God. Hosanna in die hoogste

Loof Hom, loof Hom, loof die Koning en die Heer
Loof Hom, loof Hom, bring aan Hom die lof en eer
Heer ons bring U die eer. U ons Koning en Heer
Word verheerlik o Here God, Hosanna in die hoogste

En daar is 'n plek vir elke mens
Vervulling vir elke droom en wens
Fonteine van liefde, lewe, lig, in nuwe Jerusalem
Hy sal dit voleindig, Hy't begin-
Hy wat elke stryd vir ons oorwin
Hy is die Koning, Hy sal heers - in nuwe Jerusalem

Jerusalem, Jerusalem, sing nou 'n Loflied saam
Hosanna, in die hoogste, Hosanna prys Sy Naam

Kom loof dit Heer, loof die Heer
Loof die Here God, in die hoogste heem' le
Kom loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
In die hoogste hemele

Die Here my God, gee vir my krag, Hy maak my voete soos die van 'n ribbok
Op hoë plekke laat Hy my veilig loop (x2)

Sing 'n nuwe lied vir Jesus,
almal wat kan sing, sing dit saam
Sing 'n nuwe lied vir Jesus
Sing 'n nuwe lied en prys Sy Naam

Want Hy is groot en waar dig om te prys
Hy is groot en waar dig om te prys



Sing 'n nuwe lied vir Jesus, almal wat kan sing, sing dit saam
Sing 'n nuwe lied vir Jesus, sing 'n nuwe lied en prys Sy Naam

Want Hy is groot en waardig om te prys
Hy is groot en waardig om te prys
Ons prys Sy Naam!!!

4. SKRIFLESING EN GEBED.

TEMA: VREUGDE IN DIE VLAMME (GESMEE IN VUUR)

TEKS: 1 Petrus 4:12 - 14

AGTERGROND

Brand in Rome, 64 nC.

In Julie 64 nC. het 'n brand, wat deur sterk winde aangevuur was, in die armste gedeeltes van Rome uitbreek. Hierdie brande het die grootste gedeelte van die stad vernietig. Na die brande, het gerugte die ronde gedoen dat keiser Nero of booswigte vir die brande verantwoordelik was. Nero het die blaam egter op die christene geplaas en kort hierna het die vervolgings onder die christene in Rome uitbreek.

Vuurgloed van vervolgings.

In hierdie tydperk sterf gelowiges in die arena in Rome. Ander moes teen wilde diere veg en oor sommige gelowiges is teer gegooi en aan die brand gestee om die strate van Rome in die aande te verlig. Van die bekende persone wat in hierdie tyd 'n martelaarsdood gesterf het, was oa Paulus. Petrus het ook 'n aanvoeling gehad dat sy dood naby is en hy sou later ook 'n martelaarsdood sterf. (2 Petrus 1:14)

Nie gereed vir die komende vuurgloed van vervolgings.

Petrus, Silas, ook bekend as Silvanus en Markus het die intensiteit van die vervolgings persoonlik beleef en het besef dat as hierdie vervolgings na ander dele van die Ryk gaan uitbrei, gelowiges nie gereed gaan wees vir dit wat op hande is nie.

Doel van die Petrus-briewe.

Petrus en Silvanus het hierdie briewe geskryf om gelowiges in Klein-Asië voor te berei vir die verskillende vorme van beproewings wat moontlik op die gelowiges wag. Hulle verwys na hierdie swaarkry as 'n vuurgloed. Dit is dieselfde woord wat die



brande in Rome beskryf het. Hierdie brief is vanuit Rome geskryf om gelowiges in Klein-Asië te bemoedig om in die tydperk van die vuurgloed vas te staan,

“Silvanus, wat na my mening ’n getroue broer is, het vir my hierdie kort briefie aan julle op skrif gestel. Ek het geskrywe om julle te bemoedig en julle te verseker dat hierdie dinge die ware genade van God is. Staan hierin vas!” (1 Petrus 5:12)

Bokspring van vreugde

Oor die komende vuurgloed skryf Petrus dat gelowiges moet *bokspring* van vreugde omdat hierdie vuurgloed *noodsaaklik* is om die egtheid van hulle geloof te toets en te verfyn. Hy troos hulle dat hierdie periode egter van *korte duur* gaan wees en hy waarsku hulle dat hulle in hierdie tyd wel emosioneel gaan *swaarkry*. Hy verseker hulle dat hulle in die vuurgloed nie alleen is nie en dat *Christus*, wat hulle nie kan sien nie, met hulle is. In die vuurgloed word die liefdesband tussen hulle en Christus meer intiem en word hulle geloof in Christus sterker gesmee. Hy verwys na Christus as die *môrester* wat in die harte van gelowiges opkom en sy lig in die donker en troebel plekke van harte laat skyn. (1 Petrus 1:6-9 en 2 Petrus 1:18,19)

1. EMOSIONELE VOORBEREIDING VIR DIE KOMENDE VUURGLOED.

In 1 Petrus 4:12-14 skryf Petrus weer oor die vuurgloed van beproewings wat onder die Christene gaan uitbreek. In hierdie gedeelte berei hy die gelowiges *emosioneel* voor oor die komende vuurgloed. Gelowiges moet nie onkant gevang moet word deur die vuurgloed nie, want dis niks vreemds wat met hulle gebeur nie. Verder is hulle uiters gelukkige mense, want in die intensiteit van die vuur beleef hulle God op ’n unieke manier - die *gees van heerlikheid* en *krag* van God rus op hulle. Ons lees in 1 Petrus 4:12 die volgende:

“Geliefdes, verbaas julle nie oor die *vuurgloed van vervolging* onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie”.

- ***Vrees vir die onbekende (1 Petrus 4:12).***

Mense vrees die onbekende en dit lei tot angstigheid. Mense hou nie van nuwe dinge nie, want dit is vreemd en die meeste mense vrees nuwe dinge. Petrus verseker hulle dat die vuurgloed niks vreemds is nie, want Jesus is self aan ’n vuurgloed van swaarkry onderwerp (1 Petrus 4:13). Hy is deur leiers van die Joodse volk vervolgd.



Ander kere weer wou mense hom stenig. Toe Hy sy dood aangekondig het, was Hy uiters ontsteld,

“Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur. Vader, verheerlik u Naam!” Toe het daar ’n stem uit die hemel gekom: “Ek het my Naam verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.” (Johannes 12:27,28)

Later, toe Jesus sy verraaier aangekondig het, was Hy net so ontsteld gewees,

Na hierdie woorde het Jesus hewig ontsteld geword en openlik verklaar: “Dit verseker Ek julle: Een van julle sal My verrai.” (Johannes 13:21)

Dieselfde nag bevind Jesus Hom in die tuin van Getsemané en dan is Hy in doodsangs oor sy naderende dood,

’n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val. “ (Lukas 22:43, 44)

Nadat Jesus verhoor is, is Hy gekruisig,

³²Daar is ook twee ander, albei misdadigers, weggelei om saam met Jesus tereggestel te word. ³³Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen genoem word, het hulle Hom daar saam met die misdadigers gekruisig, die een aan sy regter- en die ander een aan sy linkerkant. ³⁴Toe sê Jesus: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!” Hulle het sy klere verdeel deur te loot. ³⁵Die volk het daar gestaan en kyk. Hulle raadslede het Hom ook uitgelag en gesê: “Ander het hy gered. Laat hy homself red as hy die Christus is wat deur God uitverkies is.” ³⁶Ook die soldate het vorentoe gekom en Hom bespot. Hulle het vir Hom suur wyn aangebied ³⁷en gesê: “As jy die koning van die Jode is, red jouself.” (Lukas 23:32-37)

Petrus is besig om die gelowiges in Klein-Asië emosioneel voor te berei vir die vuurgloed van allerlei beproewings wat op hande is en hy skryf dat dit niks vreemds is wat met gelowiges gebeur nie. Jesus voorspel dat dieselfde met sy volgelinge sal gebeur,



¹²“Maar nog voordat dit alles gebeur, sal hulle julle gevange neem en vervolg. Hulle sal julle oorlewer vir verhoor in die sinagoges en vir opsluiting in gevangenis; hulle sal julle voor konings en goewerneurs bring ter wille van my Naam. ¹³Dit sal vir julle ‘n geleentheid wees om van My te getuig. ¹⁴Stel julle dus daarop in om julle nie vooraf oor julle verdediging te kwel nie, ¹⁵want Ek sal vir julle die woorde en die wysheid gee wat deur geneen van julle teenstanders teengesprek of weerlê kan word nie.” (Lukas 21:12-15)

So terloops, Jesus het ook gewaarsku dat daar pandemies gaan wees,

“Daar sal groot aardbewings wees; hongersnode en *epidemies* sal op baie plekke voorkom. Daar sal skrikwekkende dinge wees en groot tekens van die hemel af.” (Lukas 21:11)

- ***Moenie onkant gevang word nie, dis niks vreemds.***

Petrus skryf dat gelowiges nie emosioneel moet oorreageer en irrasionele besluite moet neem in hierdie tyd nie. Hy moedig hulle aan om nugter en gebalanseerd op te tree, want die komende vuurgloed van swaarkry is niks vreemds nie,

“Die einde van alles is naby. Daarom moet julle *selfbeheers en nugter* wees, sodat julle kan bid. “ (1 Petrus 4:7)

2. UITERS GESEËND, WANT DIE GEES VAN HEERLIKHEID EN KRAG RUS OP HULLE (1 PETRUS 4:14 OV).

“As julle beledig word oor die Naam van Christus, is julle gelukkig, omdat *die Gees van die heerlikheid en krag van God* op julle rus. Wat hulle betref, word Hy wel gelaster; maar wat julle betref, word Hy verheerlik.”

Petrus skryf dat gelowiges in die vuur uitermate geseënd is, want die gees van heerlikheid en krag van God kry sy rusplek op hulle. Ons kry so ‘n voorbeeld in die lewe van Stefanus. Hy was een van die ses diakens wat in Handeling 6 gekies is om die gelowiges te dien. Ons lees in Handeling 6:8-15,

⁸Stefanus, aan wie God *baie genade en krag* gegee het, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen. ⁹Party van die lede van die Sinagoge van die Vrygelate Slawe, soos dit genoem is, wat bestaan het uit Jode wat van Sirene en Aleksandrië afkomstig was, het toe saam met Jode wat van die



provinsies Silisië en Asië gekom het, met Stefanus begin redeneer. ¹⁰Hulle was egter *nie opgewasse teen die wysheid wat hy van die Gees ontvang het* en waarmee hy gepraat het nie. ¹¹Toe het hulle mense omgekoop om te sê: “Ons het hom teen Moses en God hoor laster.”

¹²Hulle het die volk en die familiehoofde en die skrifgeleerdes opgesweep. Dié het op hom afgestorm, hom gegryp en voor die Joodse Raad gebring ¹³en vals getuies gekry om te sê: “Hierdie man wil nie ophou om dinge teen die heilige tempel en die wet van Moses te sê nie. ¹⁴Ons het hom hoor sê dat hierdie Jesus van Nasaret die tempel sal afbreek en die voorskrifte wat Moses vir ons gegee het, sal verander.”

¹⁵Toe al die lede van die Raad stip na Stefanus sit en kyk, sien hulle dat *sy gesig soos dié van 'n engel lyk*.

In Handelingse sewe begin Stefanus met sy verdediging en verwys hy na die geskiedenis van die Joodse volk en God se bedoeling met die volk, die wet en die tempel en dat Christus die vervulling van Ou Testamentiese profesieë is. Hiervan wou die lede van die Joodse Raad niks weet en het hulle van woede op hulle tande gekners. Ons lees in Handelingse 7:55-60 die volgende:

⁵⁴Toe die lede van die Joodse Raad dit hoor, het hulle van woede op hulle tande gekners. ⁵⁵Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan.

⁵⁶“Kyk,” het hy gesê, “ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan.” ⁵⁷Toe het hulle hard geskreeu en hulle ore toegedruk. Soos een man het hulle op hom afgestorm, ⁵⁸hom uit die stad uitgesleep en gestenig. Die getuies het hulle klere neergesit by 'n jongman met die naam Saulus. ⁵⁹Terwyl hulle vir Stefanus stenig, het hy geroep: “Here Jesus, ontvang my gees!” ⁶⁰Toe het hy op sy knieë neergesak en hard uitgeroep: “Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!” Met hierdie woorde het hy gesterwe.

In die vuurgloed het Stefanus die gees van heerlijkheid en krag van God ondervind:

1. *In die vuur kry gelowiges die geleentheid om te wys van wat hulle gemaak is en kom bekwaamhede na vore waarvan hulle voorheen nie bewus was nie.*



“Stefanus, aan wie God baie genade en krag gegee het, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen. ⁹Party van die lede van die Sinagoge van die Vrygelate Slawe, soos dit genoem is, wat bestaan het uit Jode wat van Sirene en Aleksandrië afkomstig was, het toe saam met Jode wat van die provinsies Silisië en Asië gekom het, met Stefanus begin redeneer. ¹⁰Hulle was egter nie opgewasse teen die wysheid wat hy van die Gees ontvang het en waarmee hy gepraat het nie. (6:8-10)

2. *In die vuur kry gelowiges die geleentheid om 'n “engel” vir iemand anders te wees.*

¹⁵Toe al die lede van die Raad stip na Stefanus sit en kyk, sien hulle dat sy gesig soos dié van 'n engel lyk”. (6:15)

3. *In die vuur word gelowiges bewus van hulle afhanklikheid van die Here en leef hulle met die vaste oortuiging dat Hy volkome in beheer is.*

“Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan. (7:55)

4. *In die vuur sit Christus nie meer aan die regterhand van God die Vader nie, maar staan Hy saam met gelowiges in die vuur.*

“Kyk,” het hy gesê, “ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan.” (7:56)

5. *In die vuur bereik gelowiges 'n mate van emosionele volwassenheid deur persoonlike onreg te kan hanteer.*

Toe het hulle hard geskreeu en hulle ore toegedruk. Soos een man het hulle op hom afgestorm, ⁵⁸hom uit die stad uitgesleep en gestenig. Die getuies het hulle klere neergesit by 'n jongman met die naam Saulus. Toe het hy op sy knieë neergesak en hard uitgeroep: “Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!” (7:57-60)

6. *In die vuur plaas gelowiges hulle gees in afhanklikheid in die hande van die Here en vertrou op Hom vir hulle veiligheid.*



Terwyl hulle vir Stefanus stenig, het hy geroep: "Here Jesus, ontvang my gees!" Met hierdie woorde het hy gesterwe". (Psalm 31:5/6 en 7:59)

SAMEVATTEND.

- Pandemies is niks nuuts of vreemds wat met die mensdom gebeur nie en daarom moet Covid-19 ons ook nie emosioneel onkant vang nie;
- Met Covid-19 is ons in die vuur en is ons uitermate geseënde mense omdat die gees van heerlijkheid en die krag van God sy rusplek op ons gevind het.
- "Sometimes your clearest view of God will be in the fire and trials of life". – Steven Furtick

5. SLOTLIED: KOM TOT DIE HEER MET AL U VERDRIET

Kom tot die Heer met al u verdriet

Kom nou na Hom wat redding u bied

Hy het Sy bloed vir sondaars vergiet, hoor na Sy roepstem, "kom"!

Heerlik, heerlik, sal die vreugde toon

Eenmaal klink waar vrygekooptes woon

As ons vergader rondom die troon. Daar waar Gods eng'le staan.

Moet tog nie wag nie, Hy is naby.

Volg Sy gebod, want Hy maak u vry

Luister, Hy spreek tot u en tot my "kom tot My, sondaars, kom!"

Heerlik, heerlik, sal die vreugde toon

Eenmaal klink waar vrygekooptes woon

As ons vergader rondom die troon.

Daar waar Gods eng'le staan.

6. SEËNBEDE

Moenie bang wees nie, Sion,
moenie jou hande moedeloos
laat hang nie!



¹⁷Die Here jou God is by jou,
Hy, die krygsman wat red.
Hy is vol vreugde oor jou,
Hy is stil-tevrede in sy liefde.
Hy jubel en juig oor jou (Sefanja 3:16,17)
tot in lengte van dae.

7. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapscan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

